Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Maria Goretti Correia**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Maria.Correia@westerncape.gov.za | 021 467 2891

Lêerno.: 19/3/3
Verwysing: 20240221-1881

Assesseringsbestuursminuut: 0005/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en -adviseurs, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings met leerders in die VOO-fase

**Onderwerp: Implementering van Omsendbrief E06 van 2022: Riglyn vir die gehalteversekering van skoolgebaseerde assessering (SGA) vir graad 10 tot 12 en 'n Standaardbedryfsprosedure (SBP)**

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Omsendbrief E06 van 2022: Riglyn vir die gehalteversekering van skoolgebaseerde assessering (SGA), wat praktiese assesseringstake (PAT's) en mondelinge assesserings in taal vir graad 10 tot 12 insluit, gedateer 05 April 2022, uitgereik. Voorts het die DBO onlangs ook 'n SBP vir graad 10 tot 12, wat hierdie riglyn vergesel, uitgereik.

2. Hierdie minuut moet saamgelees word met Assesseringsbestuursminuut 0006/2022, gedateer 05 Mei 2022, waarin skole aangemoedig word om die riglyn te gebruik om hul eie modereringsbeleid en assesseringspraktyke te verbeter. Assesseringsbestuursminuut 0020/2023, gedateer 24 November 2023, het voorts na afloop van die provinsiale moderering van skoolgebaseerde assesserings in graad 12 in 2023 sekere bevindinge uiteengesit.

3. Die doel van hierdie minuut is om te versoek dat skole, distrikte en provinsiale kurrikulum- en assesseringsamptenare die volledige gehalteversekeringsmodaliteit wat in die riglyn oor die gehalteversekering van skoolgebaseerde assessering (SGA) vir graad 10 tot 12 (*Guideline on the Quality Assurance of School-Based Assessment (SBA) for Grades 10–12)* uiteengesit is (sien **Bylae A**), asook die SBP (sien **Bylae B**), implementeer. Verdere voorspraak en bemiddeling sal rondom hierdie DBO-direktiewe gereël word.

4. Daar word beplan om die riglyn op alle vlakke van die onderwysstelsel te implementeer om sodoende landwyd gehalte-assessering te reguleer en te verseker. Provinsiale onderwysdepartemente sal teen Augustus 2024 aan die DBO terugvoer gee oor die riglyn en die SBP.

5. Die riglyn bevat vyf sleutelkomponente vir die evaluering van gehalte-assessering:
   (a) Die SGA-stelsel moet geoudit word om die funksionaliteit daarvan te bepaal
   (b) Vooraf-moderering van assesseringstake is van kardinale belang
   (c) Die afneem en administrasie van assesseringstake (SGA's, PAT's en mondelinge vir Taal) moet gemonitor word
   (d) Moderering van leerderbewyse na afloop van die assesseringstake is noodsaaklik
   (e) Tydige terugvoer wat aan alle belanghebbers beskikbaar gestel word, moet gemonitor word.

6. Gehalteversekerings- en modereringspraktyke is noodsaaklik om die stelsel se praktyke op alle vlakke (skool, distrik en provinsie) te toets en om die integriteit en geloofwaardigheid van die SGA's, PAT's en mondelinge vir Taal in graad 10 tot 12 te beskerm.

7. Prinsipale word versoek om te verseker dat departementele hoofde/vakleiers en voornemende leiers kennis neem van die riglyn en die SBP en dit nakom om doeltreffende gehalteversekeringspraktyke by hul skole te verseker.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-03-26